*Techniek en Geloof*, deur DR. PAUL TOURNIER (Uitgeverij W. ten Have N.V., Amsterdam, 1950).

Die titel van hierdie boek is in 'n mate misleidend: ons spraakgebruik het ons daaraan gewoond gemaak om onder tegniek óf in die algemeen „wyse van doen" óf in die besonder masjinale tegniek te verstaan. Hier in hierdie boek beteken dit egter spesifiek die tegniek van die arts en psigo-therapeut, of, in die algemeen, die tegniek van die wetenskaplike.

Die probleem van die skrywer is om die verhouding van tegniek en geloof vas te stel. Hy wys gedurigdeur daarop dat daar vyandskap van die twee kante teenoor mekaar bestaan: die wetenskaplike is

geneig om heeltemal negatief teenoor die godsdiens in die algemeen en geloof in besonder te staan en dit terug te voer na gewoonte, tradisie, suggestie, ens. Hierteenoor wys die godsdienstige mens die wetenskap (in besonder die mediese en psigiatriese wetenskappe) af as vyandig teenoor die godsdiens. Waar die wetenskaplike dan skepties is, is die gelowige dikwels naïef. Tournier se eie standpunt is: „Tegenover de naïeve instelling enerzijds en de sceptische instelling anderzijds plaats ik dus de instelling, die tegelijk gelovig en doordacht is, en ik versta daaronder de moeilijke en toch onmisbare verbinding van realiteitszin met geloof, die we door de ganse Bijbel heen vinden" (p. 225). Teenoor die wetenskap toon hy aan dat godsdiens nie wegverklaar kan word nie, dat geloof in Christus 'n onskatbare hulpmiddel vir die mediese wetenskap is en dat sielsorg saam met mediese behandeling moet plaasvind, maar dat dit 'n absolute vereiste is dat die medikus self 'n egte gelowige sal wees. Teenoor die naïewe geloof toon hy aan dat die wetenskap die goddiens en die praktiese sielsorg onskatbare dienste kan bewys, dat ware selfkennis langs die weg van psigo-analise te bereik is, dat hoewel geloof nie afhanklik is van of identies aan suggestie is nie, suggestie tog 'n geweldige hulpmiddel is om geloof tot stand te bring en te versterk.

Daar is baie besware teen die boek in te bring: Tournier gee ons bv. soms die indruk asof sy ideaal werklik dié van die psigiater is en dat hy reken dat 'n werklike sielsorg onmoontlik is sonder dat ons die hulp van die psigiater inroep (hoewel hy verskeie plekke uitdruklik beweer dat dit nie sy standpunt is nie); soms lyk dit of hy te veel let op die innerlike gewaarwordinge as kriterium vir die godsdiens (wat miskien te wyte is aan die feit dat hy uit die Oxford-beweging kom); sy oplossings bevredig ons dikwels teologies en wysgerig nie. Tog wil ons die boek ten sterkste aanbeveel: Tournier is 'n baie knap skrywer en reeds wêreldbekend en die boek lees maklik vir enigeen; maar veral beveel ons dit aan omdat ons godsdienstige leiers, spesifiek die predikante, dikwels 'n afsydige houding teenoor die wetenskap in die algemeen en die wysbegeerte en psigologie in die besonder inneem — hierdie boek sal baie tot ander insigte laat kom. Egter beveel ons dit in besonder aan aan ons medici: die boek is algemeen gerig, maar is geskrywe deur 'n arts en het te doen met die probleme soos die arts dit sien, maar dan 'n gelowige arts, en op die oomblik is die posisie met die artse in ons land (oor die algemeen gespreek — die uitsonderings kom soveel te meer lof toe) van so'n aard dat die gedagtes van Tournier die arts self en dan ook die Kerk en Christendom tot geweldige diens kan wees. Ons beveel die boek egter ook aan aan alle leke wat van bietjie ernstiger leesstof hou.

P. S. D.